

**EK HET 'N HUISIE BY DIE SEE – HA Fagan**

- 1 Ek het 'n huisie by die see. Dis nag.
- 2 Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
- 3 teenaan die rots waarop my huisie staan
- 4 met al die oseaan se woeste krag.
- 5 Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,
- 6 soos van verlore siele in hul nood
- 7 al dwalend, klagend, wat in graf en dood
- 8 geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.
- 9 My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
- 10 Ek hoor dan maar hoe loei die storm daarbuite,
- 11 ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
- 12 hierbinne is dit veilig, warm en dig.
- 13 Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
- 14 dit is 'n rots waarop my huisie staan.

**VRAE**

1. Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (1) neer, byvoorbeeld 1 E.

Die woorde “loei die storm” (reël 10) dui op die ...

- A hoë golwe
- B geluid van die wind
- C die weerlig
- D donker wolke (1)

2. Skryf DRIE dinge neer wat die skrywer se huisie bedreig. (3)

3. Watter TWEE opeenvolgende woorde dui aan dat die golwe sterk is? (1)

4. Kies die KORREKTE woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer neer.

Die gedig toon aspekte van 'n (Italiaanse/ Engelse) sonnet. (1)

5. Haal EEN woord uit reël 9-14 aan wat daarop dui dat die spreker die elemente uitdaag. (1)

6. Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (6.1-6.2) neer.

stadiger, enjambement, alleenplasing, vinniger

Wanneer een versreël in die volgende versreël oorloop, is dit 'n voorbeeld van ...6.1.... Die funksie hiervan is om die tempo in die gedig ...6.2... te maak. (2)

7. Binne-in die huisie voel die spreker bang. Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is deur TWEE redes te verstrek. (2)
8. Kies elke keer die beeldspraak/ stylfiguur uit KOLOM B wat by die voorbeeld in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (8.1-8.3) neer, byvoorbeeld 8.3 E.

KOLOM A	KOLOM B
8.1 "...soos van verlore siele..."	A personifikasie
8.2 "Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan"	B klanknabootsing
8.3 "hoor hoe ruk die winde aan my ruite"	C vergelyking
	D herhaling

(3)

9. Verduidelik waarom dit effektief is dat daar 'n eerste persoonverteller /spreker in hierdie gedig is? (1)
10. Watter dieperliggende boodskap word deur die gedig uitgebeeld? (1)
11. Waarom, dink jy, is die ligging van die huisie by die see binne konteks van die gedig so gepas? (1)

**BY DIE ROBOT IN EERSTELAAN – Marita van Aswegen**

- 1 twee pare voete girts oor die teer
- 2 sy arm en nek is so styf en seer
- 3 sy bene so lam van gister se staan
- 4 ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan
  
- 5 motors se bande knars tot stilstand
- 6 in die blikkie klingel vyf sent en 'n rand
- 7 hy ruik die vis-en-tjipswinkel van eerstelaan
- 8 hier by die robot waar hy die dag omstaan
  
- 9 sy arm word gepluk en geruk en hy skrik
- 10 toe sy voet dom oor 'n pyp eenkant toe swik
- 11 "ons beter geld kry, of ek los jou hier,"
- 12 sis die tsotsi en sy asem ruik na bier
  
- 13 sy hart klop vinnig soos dié van 'n bang kind
- 14 hoe sal hy weer sy lêplek van hier af kan vind?
- 15 die verkeerslig klik en die enjins brul saam
- 16 sy dowwe oë bewend opwaarts geslaan
- 17 trieng, trieng lui 'n fiets se klokkie
- 18 hy buk af en trek aan sy stukkende sokkie
- 19 die verkeerslig klik en bande skuur oor teer
- 20 sy arm en skouer is so styf en so seer
  
- 21 'n motorruit tjier af en ver weg dreun 'n bus.
- 22 as die dood hom tog net wil kom haal
- 23 dan kan hy vir ewig en altyd rus
- 24 die tsotsi skraap sy keel en spoeg 'n straal
  
- 25 geld klingel in die blikkie en lê dan stil
- 26 die duiwe koer en 'n kindjie jil
- 27 "mammie hy's blind," piep 'n dogtertjie sag
- 28 hy draai sy kop skuins en hy wag
  
- 29 "hier is nog tien rand," sê die vrou
- 30 "koop vir jou iets om aan te kou"
- 31 die verkeerslig klik en hy hou aan met wag
- 32 die tsotsi pluk hom aan sy seer arm en lag.

**VRAE** (met vriendelike vergunning van HS Oaklands)

1. Watter inligting verskaf die titel oor die inhoud van die gedig? (1)
2. Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (2) neer, byvoorbeeld 2 E.  
  
"Twee pare voete **girts** oor die teer" in reël 1 is 'n voorbeeld van ...
  - A. personifikasie
  - B. oksimoron
  - C. sinestesie
  - D. onomatopée (1)
3. Hoekom, dink jy, word die stilstaan en wegry van motors by die verkeerslig vier keer in die gedig herhaal? (1)
4. Die tsotsi toon meegevoel vir die blinde man.  
Motiveer waarom die bostaande stelling ONWAAR is deur twee redes te verstrek. (2)
5. In die gedig is daar heelwat klanknabootsende woorde
  - 5.1 Skryf enige TWEE klanknabootsende woorde uit strofe 4 neer. (2)
  - 5.2 Verduidelik waarom klanknabootsing in die gedig gebruik word. (1)
6. Watter dreigement rig die gids tot die blinde man? (1)
7. Haal 'n versreël uit strofe 4 aan wat vir ons aandui dat die man blind is. (1)
8. Verduidelik hoe die blinde man se emosies met dié van die gids verskil. (2)
9. Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik.  
Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (9.1-9.2) neer.

rymskema, ritme, ellips, elisie
---------------------------------

- Wanneer 'n klank of 'n letter in 'n woord weggelaat word, is dit 'n voorbeeld van 'n 9.1 ... Die funksie hiervan is om die ...9.2...in die gedig te behou. (2)
10. "Koop vir jou iets om aan te kou" (reël 30)  
Waarom kan hierdie woorde as ironies beskou word? (2)
  11. Watter universele kwessie word deur die gedig uitgebeeld? (1)
  12. Dink jy mense moet bedelaars soos hierdie een geld gee? Antwoord **Ja** of **Nee** en motiveer jou antwoord. (1)

**Pryslied - Antjie Krog**

1. In die sandkliphart
2. vandag
3. staan hy
4. kop en skraal skouers staan hy bo almal uit
5. houtskool en as is sy hare
6. hy, die sandkleurige seun van uNosekeni
7. uNosekeni die ma van Mandela
8. hy, die man met die vlesige palmkussings
9. hier staan hy
10. uit die gevestigde familie van uNgubengcuka
11. die seun van Dalindyebo
12. die seun van Mandela
13. hy van die rivieroewers by iNqunu
14. heelmaker uit die Thembu-stam
  
15. 'n klein swart ster priem sy bolip
  
16. ons prys hom
17. hy wat nie lag nie en nie huil nie
18. eerste ratelaar van Umkhonto we Sizwe
19. die swart pimperl
20. hy wat nie lag nie en ook nie huil nie
  
21. hier staan hy dan nou voor ons
22. Nelson Rolihlahla Mandela
23. getrokke tak van lank gelede
24. die sleepsels van sy blare lê wyd
25. legendaries is hy – opspoorder van harte
26. hy maak die pante bymekaar
27. van 'n verskeurde land
28. hy draai ons na mekaar toe vir mekaar
28. hy, heelmaker van mense
30. hy stig vrede
31. vrede, die ma van groot nasies

**VRAE**

1. Watter inligting verskaf die titel oor die inhoud van die gedig? (1)
2. Aan wie is die pryslied opgedra? (1)
3. By watter geleentheid is hierdie pryslied aan die persoon opgedra? (1)
4. Verwys na versreël 15.  
"n klein swart ster priem sy bolip"
- 4.1 Watter figuurlike betekenis kan "ster" in die gedig hê? (1)
- 4.2 Watter tegniek gebruik die digter om die figuurlike betekenis te beklemtoon? (1)

5. Kies 'n term uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter neer, byvoorbeeld 5.1 F.

	KOLOM A		KOLOM B
5.1	“getrokke tak van lank gelede”	A	inversie
5.2	“vandag”	B	alliterasie
5.3	“in die sandkliphart/ vandag/ staan hy”	C	metafoor
5.4	“hy, die sandkleurige seun van uNosekeni”	D	personifikasie
		E	alleenplasing

- (4)
6. Verwys na versreël 24: “die sleepsel van sy blare lê wyd” Noem TWEE aspekte wat hieruit afgelei kan word. (2)
7. Mandela het op 'n vroeë ouderdom die president van Suid-Afrika geword. Haal 'n aanhaling uit die gedig aan om te bewys dat hierdie stelling ONWAAR is. (1)
- 8.1 Wie of wat was Umkonto we Siswe? (1)
- 8.2 Watter rol het Mandela by Umkonto we Siswe gespeel? (1)
9. Nelson Mandela se 9.1 ..., uNgubengcuka, was ook die koning van die 9.2...-stam. Sy pa het op 'n vroeë ouderdom gesterf en hy is deur sy voog 9.3... grootgemaak. (3)
10. Nelson Mandela was die “heelmaker van harte” Wat is jou opinie hieroor? (1)
11. Na wie verwys “hy” in versreël 3? (1)
12. Skryf enige TWEE redes (binne konteks van die gedig) neer waarom die “hy” geprys word. (2)
13. Haal TWEE OPEENVOLGENDE woorde uit strofe 2 aan wat sy handpalms beskryf. (1)

14. Kies die KORREKTE antwoord om die stelling mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (14) neer.
- “Getrokke tak” in reël 23 verwys na....
- A. Nelson Mandela
  - B. Dalindyebo
  - C. uNosekeni
  - D. uNgubengcuka (1)
15. Haal EEN woord uit die gedig aan wat sy gewildheid aandui. (1)
16. Voltooi die onderstaande sin deur slegs die ONTBREKENDE WOORDE langs die vraagnommer (16.1 -16.2) neer te skryf.  
Houtskool verwys na sy 16.1... en 16.2... verwys na sy vel. (2)
17. Kies elke keer ‘n verduideliking uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A-C) langs die vraagnommer (17.1 -17.2) neer, byvoorbeeld 17.1 D.

KOLOM A	KOLOM B
17.1 “sandkliphart” 17.2 “klein swart ster”	A unieke ster in die heelal B Unie-gebou in Pretoria C moesie op bolip

- (2x1) (2)
18. Wat is die DENOTATIEWE (letterlike) BETEKENIS van “staan hy bo almal uit”? (1)
- 19.1 Noem een kenmerk van ‘n vrye vers wat in hierdie gedig voorkom. (1)
- 19.2 Waarom is ‘n vrye versvorm effektief vir hierdie gedig?  
Verstrek EEN rede. (1)
20. Kies telkens die korrekte woord uit dié tussen hakies:
- 20.1 “...swart ster...” is ‘n voorbeeld van (alliterasie/ assonansie) (1)
- 20.2 “Hy” word met ‘n (boom/ rivier) vergelyk. (1)
21. Waarom, dink jy, is die herhaling van “hy” FUNKSIONEEL in die gedig?  
Verstrek EEN rede. (1)

**boekmerk**                      **Marlise Joubert**

1                      kinders  
2                      met wange soos mossies  
3                      wat teen elke oggend stoei  
4                      hande altyd woerende vlerke  
5                      elke lyfie 'n seilende gesang –  
6                      vlak bo die waterspieël  
7                      van 'n klipvloegang

8                      vlytig stort die druppels klank  
9                      oor haar uit totdat sy verbaas  
10                     die reuk van bittersoet jasmyn  
11                     uit haar skooljare proe  
12                     waar sy ook kon mor  
13                     en protesteer:  
14                     waarom is alles altyd ver  
15                     waarom is alles altyd hier  
16                     waarom moet ek leer  
17                     van optel aftrek deel  
18                     van dooie digters  
19                     uit die toentertyd  
20                     en watter land sit waar  
21                     en waarom draai die son

22                     toe maak sy die dag weer oor –  
23                     met elke skoolklok werk sy  
24                     namens mossiekind:

25                     kom ons pars die wind  
26                     met wange soos soldaatjies

27                     totdat elkeen net die geur  
28                     van jasmyn kan boekmerk  
29                     teen die onheil van ons  
30                     ellelange reis

**VRAE**

1.                     Verduidelik die titel van die gedig op:
  - b)                     Letterlike/ denotatiewe vlak                     (1)
  - c)                     Figuurlike/ konnotatiewe vlak                     (1)
2.                     Hoe beklemtoon die spreker die feit dat hierdie gedig oor kinders handel?                     (1)
3.                     Haal EEN WOORD uit strofe 1 aan wat die woelige, bewegende kinders beskryf.                     (1)



4. Wat word bedoel met "wat teen elke oggend stoei" (reël 3)? (1)
5. Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer. (1)
- "elke lyfie 'n seilende gesang" is 'n voorbeeld van 'n (metafoor/ vergelyking). (1)
6. Wie is die spreker in strofe 3? (1)
7. Kies die antwoord in KOLOM B om by die aanhaling in KOLOM A te pas:

KOLOM A	KOLOM B
7.1 "woerende vlerke"	A oksimoron
7.2 "wange soos mossies"	B klanknabootsing
7.3 "bittersoet"	C persoonifikasie
	D vergelyking

(4)

8. Wat is die funksie van die dubbelpunt in versreël 13? (1)
9. Jasmyn is 'n plant wat baie soet ruik. Wat is die verband tussen jasmyn en die Leerders se skoollewe? (1)
10. Die skooljare is vir die kinders te lank. Haal TWEE opeenvolgende woorde aan aan as motivering vir jou antwoord. (1)
11. Hierdie gedig is 'n voorbeeld van 'n vrye vers. Motiveer waarom hierdie stelling WAAR is deur EEN kenmerk van 'n vrye vers soos dit in hierdie gedig voorkom, te noem. (1)
12. Hoekom wil die onderwyser van elke dag 'n boekmerk maak? (1)
13. Waarna verwys die slotreël van die gedig? (1)
14. Wat is die tema van die gedig? (1)
15. Uit watter interteks kom die woord "mossies" in strofe 1? (1)
16. Watter twee opeenvolgende woorde dui aan dat die kinders se hande gedurig beweeg? (1)

17. In strofe 1 word die kinders deur 'n toeskouer beskryf. Watter tegniek gebruik die digter om die kinders uit te hef? (1)
18. "vlytig stort die druppels klank" (versreël 8)  
Waarna verwys die spreker in bostaande beeld? (1)
19. Watter klagte van alle kinders oor die wêreld heen word in strofe 3 beskryf? (1)
20. Noem enige TWEE vakke waarna daar waarskynlik in strofe 3 verwys word. (1)
21. Skryf slegs EEN woord uit strofes 4-6 neer wat aandui dat kinders se skooljare nie altyd aangenaam is nie. (1)
22. In versreël 26 word daar na die leerders as "soldaatjies" en nie meer "mossies" verwys nie. Wat word deur die woord "soldaatjies" gesuggereer? (1)
23. Waarom is die gebruik van die enjambement FUNKSIONEEL in die gedig?  
Verstrek EEN rede. (1)
24. Kies die KORREKTE antwoord om die stelling mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (24) neer, byvoorbeeld 24 E.
- Die stemming in die gedig kan as... beskryf word.
- A. neerdrukkend  
B. positief en liefdevol  
C. spannend en dramaties  
D. hartseer (1)
25. Noem EEN kenmerk van 'n vrye vers wat in hierdie gedig voorkom. (1)
26. Wat, dink jy, is die boodskap van die gedig? (1)
27. Dink jy dat alle onderwysers 'n positiewe invloed op hul leerders het?  
Motiveer jou antwoord. (1)

**Random my – Dawie de Jager**

- 1 Ek wil my tyd vat hierdie keer  
2 ek moet my tyd vat hierdie keer  
3 want die haastigheid in my  
4 het my al veels te veel keer  
5 ondergekry  
6 my ondergekry.
- 7 Ek wil my tyd vat hierdie keer  
8 ek moet my tyd vat hierdie keer  
9 Ek sien die blou in jou deur die bietjie in jou oë.  
10 Ek weet daar is dinge wat jou ook nog pla  
11 Dinge wat jou terughou.  
12 Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees.  
13 Kom wees net jy, kom wees net jy.
- 14 As jy wil tyd vat hierdie keer  
15 kom vat 'n rukkie hier by my  
16 As jy tyd wil vat  
17 kom wees hier rondom my  
18 kom wees hier rondom my  
19 net as jy wil...  
20 net as jy wil.

1. Waarna verwys die titel van die gedig? (1)
2. Waarom is die gebruik van 'n ek-spreker so funksioneel in die gedig? (1)
3. Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies en skryf dit neer.  
Die gedig is 'n voorbeeld van 'n (limeriek/ liriek). (1)
4. Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter A-D langs die vraagnommer (4) neer. Die gevoel wat "blou" in versreël 9 weergee, is... (1)
- A. opwinding  
B. hartseer  
C. koppigheid  
D. heimwee

5. Kies telkens die funksie in KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer en antwoord neer, byvoorbeeld: 5. 1 D

KOLOM A	KOLOM B
5.1 herhaling (reël 1 & 2)	A. Die spreker wil hê die geliefde moet nadink oor sy voorstel
5.2 alleenplasing (reël 5)	B. Sy voorneme om geduldig te wees, word beklemtoon.
5.3 die ellips (reël 19)	C. Die effek/ gevolge van sy oorhaastigheid word beklemtoon.
	D. Die spreker wil sy onskuld beklemtoon.

(3x1) (3)

6. "net as jy wil" word herhaal om 'n tipe houding van die spreker te beklemtoon. Verklaar hierdie houding. (1)
7. Watter karaktereienskap van die spreker het tot sy "ondergekry" gelei? Skryf slegs EEN woord neer. (1)
8. Die spreker was nog nie voorheen in 'n verhouding nie. Skryf die versreël neer wat hierdie stelling ONWAAR maak. (1)
9. Waarom kan die spreker se woorde in reël 16 en 17 as ironies beskou word? (2)
10. Verduidelik die woordspeling in "veels te veel keer". (1)
11. Dink jy die spreker tree korrek op deur die versoek (*om net rondom hom/ haar te wees*) aan sy geliefde te rig? Motiveer jou antwoord gepas. (1)
12. Wat is die tema van die gedig? (1)